Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2021-03-17

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 2 VAN MAART 2021

SPEL EN BORG - ME LOURENS

Laerskool Elspark beplan ons eerste fondsinsameling in 'n baie lang tyd. Na 'n vreeslike droë Covid seisoen..... Graag benodig ons elke ouer se hulp om ons asb. te ondersteun met die projek.

Elke skool beleef sy eie finansiële uitdagings en dit lê in ons ouers se harte en hande om ons hiermee te help en so verseker dit dat u kind net die beste onderrig in die beste omstandighede ontvang.

Die Spel en Borg-Fondsinsameling sal op Woensdag 24 Maart afskop. Leerlinge ontvang 20 spelwoorde om voor te berei soos vir 'n gewone speltoets.

Leerlinge word geborg vir elke korrekte spelwoord. Speltoets word geskryf op Vrydag 7 Mei. Leerlinge sal 'n gedetailleerde brief binnekort ontvang.

WISSELING VAN KLASSE GR 5 TOT GR 7 - MNR DENNER

Vanaf Dinsdag, 23 Maart 2021 gaan die leerlinge vanaf Gr 5 tot Gr 7 begin klasse wissel.
Die leerlinge beweeg terug na hulle oorspronklike registerklasse en volg dan die klasrooster wat hulle ontvang het.

Nadat die leerlinge elke oggend gesaniteer het en hulle temperatuur gemeet is, beweeg hulle direk na hulle registerklasse.

Gr 5 tot Gr 7 verdaag elke dag om 13:30. Streng protokol sal nogsteeds gehandhaaf word.
Moodle lesse sal nogsteeds beskikbaar wees vir die leerlinge om hulle werk te hersien in die middag en ook vir die leerlinge wat tuisonderrig doen.

NOMINASIE VERGADERING EN STEMMING VAN DIE OUERLEDE VIR DIE BEHEERLIGGAAM VAN LAERSKOOL ELSPARK

A. ***NOMINASE VERGADERING: 17 MAART 2021***

Kennis word hiermee gegee dat 'n vergadering vir die nominasie van kandidate vir die verkiesing van 6 ouerlede vir die Beheerliggaam vir die genoemde skool gehou sal word op Woensdag, 17 Maart 2021 om 17:30 te Laerskool Elspark.
'n Kandidaat kan op twee maniere genomineer word:
deur 'n nominasievorm wat behoorlik ingevul is deur die voorsteller, sekondant en kandidaat by die verkiesingsbeampte (kantoor van Laerskool Elspark) in te dien, nie meer as ***sewe dae*** en nie minder as ***drie dae*** voor die nominasievergadering (m.a.w. vanaf 10 tot 12 Maart 2021 vanaf 07:00 tot 14:00)

of

deur 'n ***ouer*** as lid voor te stel tydens die nominasievergadering, mits nog ***'n ouer*** wat teenwoordig is, die voorstel sekondeer en 'n nominasievorm wat behoorlik ingevul is deur die voorsteller, sekondant en kandidaat by die verkiesingsbeampte ingedien word binne die tydperk wat in die nominasievergadering deur die verkiesingsbeampte toegestaan word vir hierdie doel.
Vir vooraf nominasies hoef die betrokkenes nie noodwendig teenwoordig te wees nie.
Nominasievorms is ***by Laerskool Elspark*** se administratiewe kantoor beskikbaar.
As meer as ses kandidate voorgestel word, sal 'n stemming gehou word op ***18 Maart 2021 by Laerskool Elspark.***

B. **VOLDAGVERKIESING: STEMMING 18 MAART 2021**

Kennis word hiermee gegee dat die verkiesing van lede vir die Beheerliggaam vir die genoemde skool sal plaasvind op ***Donderdag, 18 Maart 2021***.
Bogenoemde verkiesings vind plaas om ***6 ouers*** vir die Beheerliggaam van Laerskool Elspark vir die nuwe termyn van 3 jaar aan te wys.
Elke ouer of wettige voog van 'n leerder in ons skool het stemreg.
Om 'n kworum vir die verkiesing te verseker moet ten minste 262 van ons ouers kom stem. U ondersteuning word gevra om asseblief op 18 Maart 2021 te kom stem in belang van u kind.

VERLOOP VAN PROGRAM TYDENS NOMINASIEVERGADERING EN STEMMING:
NOMINASIEVERGADERING – WOENSDAG, 17 MAART

17:30 ***Registrasie*** begin in die saal (NB: BRING U ID DOKUMENT SAAM ASB)

17:45 ***Nominasievergadering*** begin. Kandidate moet asseblief teenwoordig wees.

18:00 ***Bekendstelling*** van kandidate in die skoolsaal.

STEMMING – DONDERDAG, 18 MAART
Stemming

07:00 – 07:30	Stem by hekke
07:30 – 12:00	Stem in voorportaal van skool
12:00 – 14:00	Stem by hekke
17:00 – 19:00	Stem in voorportaal van skool

Stemming vind by die voorportaal van die saal plaas. (NB. U moet u ID dokument by stemming toon).

Stemtelling neem 'n aanvang direk na afloop van stemming. Bekendmaking van die uitslag sal direk na afloop van stemtelling plaasvind.

Die nominasievergadering en verkiesing sal hanteer word deur verkiesingsbeamptes wat aangestel word deur die Onderwysdistrikkantoor nl. Hoërskool Elspark.

Indien daar nie 'n kworum tydens die stemming op Donderdag, 18 Maart behaal is nie, sal daar weer op 24 Maart 2021 'n verkiesing gehou word.

Indien daar enige navrae oor die verkiesing is, kan u die skoolkantoor kontak by (011) 893-2024.
Baie dankie dat ons kan staatmaak op u teenwoordigheid.

SKOOLGELDE VIR 2021 – MNR GERICKE

Soos u weet het ons skooljaar nie begin soos dit beplan was nie en glo ons dat dit in die toekoms beter sal gaan. Ons wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê aan elke ouer wat getrou u verpligtinge nakom.

Hiermee wil ons net onder u aandag bring dat die skoolgelde vir 2021 steeds verpligtend is in terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse skolewet. In terme van Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse skolewet kan die skool die verpligte skoolgelde afdwing.

Skoolgelde was reeds betaalbaar vir Januarie, Februarie en Maart 2021.
Skoolgeld word bepaal as 'n jaarlikse bedrag wat betaalbaar is oor 12 maande.

Ons doen hiermee 'n beroep op u as ouer om asseblief hierdie verpligting t.o.v. die skoolgelde streng na te kom. Indien u enige navrae het kontak gerus vir Sonja Fourie by sonja@Iselspark.co.za

SKOOLGELDBETALING 2021				
ITEM		**BEDRAG PER MAAND**	**BETALINGSTYDPERK**	**BEDRAG VIR 2021**
1	**Skoolgeld vir enkelkind**	**1 440**	**12 Maande**	**17 280**
2	**Skoolgeld vir tweede kind**	**1 440 (2 880)**	**12 Maande**	**17 280**

3	Skoolgeld vir derde kind	577 (3 457)	12 Maande	6 924
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Maart se skoolgelde is reeds betaalbaar.				
Indien volle skoolgeld vir 2021 voor of op 31 Mrt betaal is, sal een maand se skoolgeld as korting aan die ouer toegestaan word. (Indien geen betaling tot 31 Mrt gemaak word nie, moet 'n skriftelike reëling met die skoolhoof getref word)				
4	Naskoolgeld per kind	1 000	11 Maande	11 000
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Maart se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				
5	Kleuterskoolgeld per kind	1 560	12 Maande	18 720
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Maart se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat baie agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee Debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer. Dringende betaling word verlang op agterstallige rekeninge om oorhandiging te vermy.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Epos asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na riekie@lselspark.co.za. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

WISKUNDE ASSESSERING - ME LE ROUX

Let asb. op dat die Wiskunde klastoets wat op Dinsdag 23 Maart sou plaasvind, nou op Woensdag 24 Maart geskryf sal word a.g.v. die langnaweek.

Leerders leer asb. Les 10 tot Les 19. (25 Punte)

BOOGSKIET - ME JACOBS

Registrasiegelde vir 2021 moet asb. voor of op 25 Maart betaal word. Dit beloop R350 vir die jaar.

Sit asb. u kind se naam + Boogskiet op as verwysing bv. Reinder Jacobs Boogskiet. Die registrasie vorm is by Me Jacobs beskikbaar.

Indien u enige navrae het, is u welkom om Me Jacobs te kontak op 082 458 4307 of alternatiewelik op epos: marna@elsies.co.za .

DISSIPLINE - MNR MULLER

Daar is heelwat seuns wat se hare nie volgens skoolreëls gesny is nie. Ons vra die ouers om ons asb. by die skoolreëls te hou.

Aangesien die toets om die draai is, is dit belangrik vir alle leerlinge om pligsgetrou die skool by te woon. Belangrike werk asook assessering word tans gedoen.

OPVOEDING - ME GROBLER

Kreatiewe maniere om jou kinders te dissiplineer

Die dae toe 'n goeie pak slae die enigste straf was om rebelse kinders weer op die regte pad te bring, is lank reeds verby. Baie ouers is deesdae bewus van hulle kinders se uiteenlopende persoonlikhede en dat wat vir die een werk wat dissipline aanbetref, nie noodwendig vir die ander gaan werk nie.

Die toepassing van dissipline skep 'n gulde geleentheid om jou kind 'n waardevolle les te leer deur die wandaad met die straf te verbind. Hettie Brittz van *Immergroen Ouerskap* is 'n voorstaander van kreatiewe dissipline.

- Volgens Hettie moet strawwe logies wees. As jou kind byvoorbeeld nie dadelik wil gaan bad nie, is daar 'n halfuur minder storietyd. As hy aanhou kerm oor bad, is daar geen storietyd nie.
- Volgens Lisa Whelchel van die nie winsgewende organisasie *Focus on the Family* is die doel van dissipline self-dissiplinering. Vir 'n kind wat met sy woorde oortree (vloek,

op mense skree, of ongeskik is), stel sy voor dat jy hom aansê om sy tong uit te steek en met sy vingers vas te hou. Hierdie straf werk selfs goed in openbare plekke.

- Is jou kind geneig om sy deur toe te slaan? Laat hom die deur 'n 100 keer bedaard en sag oop- en toemaak.

Eksperimenteer soveel as wat nodig is. Indien een idee nie werk nie, probeer dan iets anders en benader die situasie vanuit 'n ander rigting. Kreatiewe dissipline sal jou kinders op hulle tone hou en laat wonder wat jy volgende uit jou mou gaan pluk. Die pad van opvoeding is lank, maar dit hoef nie vervelig en eentonig te wees nie.

DANKBAARHEID

- Dankie aan ons Almagtige God wat elke dag Sy genade en liefde aan ons toon.

Psalm 46:11

Bedaar en erken dat Ek God is.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

Geloof •Hoop•Liefde

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
www.laerskoolelspark.co.za